

Die poort na internasionale sukses

deur Izak Hofmeyr

In 1965 al het oom Abraham Kruger van die plaas Rietfonteinpoort in die Colesberg-kontrei vir die eerste keer Simmentalerbeeste uit Namibië aangekoop. Vir die volgende 36 jaar het hy dié stoet, Toverberg Simmentalers, entoesiasties bedryf. Hy is 'n stoetboer in murg en been, en vir enige stoetboer is daar mos maar 'n onuitwisbare drang om voortdurend beter diere te teel.

So elf jaar gelede het hy egter 'n Kanadees ontmoet wat sy lewe ingrypend verander het.

“My broer is Bingle Kruger. Hy is 'n vennoot in 'n ingenieursmaatskappy, en hy het in werksverband met Ron Nolan, ook 'n ingenieur, te doen gehad. Ek het Ron van die bekende Bar 5 Ranch in Kanada op die Pretoria Skou ontmoet. Toe ons mekaar daar raakloop, was Ron reeds van my bewus, want Bingle het hom van my vertel. En ek het deur Bingle ook geweet dat Ron 'n eerbare sakeman is.”

Ron het een van my kampioenverse, Toverberg Reinette, daar gesien en toe met my begin gesels. Die uiteinde van hierdie gesprek was 'n ooreenkoms wat ons sommer op die agterkant van die skoukatalogus geskryf het, en wat tot 'n verbintenis gelei het wat vandag nog voortduur.

“Jy sien, Ron Nolan is ook 'n gebore stoetteler en hy wil die beste in die wêreld wees. Ons het die geleentheid raakgesien om die heel beste Simmentalers in Suid-Afrika te bekom en embryo's na Kanada uit te voer en die genetika daarvandaan te bemark.”

Die ooreenkoms

Volgens die ooreenkoms sou oom Abraham die vroulike diere in Suid-Afrika namens Ron aankoop en op Rietfonteinpoort aanhou. Oom Abraham sou verantwoordelik wees vir die verkryging van die heel beste bulle. Embrio's is gespoel en na Kanada uitgevoer, waar dit in ontvangerkoeie op die Bar 5 landgoed geplaas is en waar die kalwers grootgemaak en verkoop is. Die bemarking sou om 'n prestigeveiling sentreer waarheen kopers van Amerika, Brasilië en Meksiko kom. Die inkomste uit die verkoop van die kalwers sou gelykop verdeel word.

Om die sukses van die projek te illustreer, is 'n bul, wat as embryo van Toverberg na Kanada gestuur is, aan Agro Zurita in Brasilië verkoop. Dié bul het later geskiedenis gemaak toe Agro Zurita 'n halwe aandeel van hom vir die wêreldrekordprys van \$500 000 (R4 miljoen) verkoop het. Die naam van die bul is Bar 5 SA Mr Optimal 447L, sy vaer is Kykso Hano en sy moeder Salerika Zinka 5de. Semex bemark tans negentien bulle wat as embryo's van Toverberg af kom, in 26 lande.



Oom Abraham Kruger en Ron Nolan



Hextern wat nou in Oktober by die nasionale veiling in Parys beskikbaar sal wees



Van die koeie en hul kalwers op Rietfonteinpoort

'n Klemverskuiwing

Toe hy met die Simmentalers begin het, was Duitsland die hoofbron van genetica, vertel oom Abraham. Vir ongeveer dertig jaar het dit so gebly. Met die uitbreking van malbeessiekte in die laat jare tagtig, was daar egter in Duitsland 'n duidelike klemverskuiwing na die melk-Simmentaler, eerder as dubbeldoelrasse.

“Met hierdie klemverskuiwing het dit wêreldwyd duidelik geword dat Suid-Afrika nou die beste dubbeldoel-Simmentalers in die wêreld gehad het. Dis hoekom Ron Nolan daardie jaar op die Pretoria Skou was – hy het genetica kom soek. Dis natuurlik onmoontlik om saad van hier af uit te voer. Die enigste manier is embryo's en dit is hoe ons elf jaar lank Suid-Afrikaanse genetica die wêreld ingestuur het.”

Die projek is egter nou besig om ten einde te loop.

“Bar 5 se telingsbeleid berus op onverwante lyne. Hulle het dus slegs in diere uit Suid-Afrika belang gestel, wat hoegenaamd nie aan hulle eie genetica verwant is in die vyfgenerasiestamboom nie. Ná elf jaar het ons nou al die genetica, wat in Suid-Afrika en Namibië beskikbaar is, gebruik. Daar is niks nuuts wat ek aan hulle kan voorsien nie.”

Bar 5 teel nou hoofsaaklik uit nageslag wat uit Suid-Afrika kom, maar die genetica is so goed in hulle eie kudde gevestig, dat hulle nie meer embryo's uit Suid-Afrika hoef in te voer nie.

Die wonder van embriotegnologie

“Die gebruik van embriotegnologie het die versadigingsproses natuurlik aansienlik verhaas. Waar 'n mens normaalweg 'n kalf per jaar uit 'n koei kon kry, het ons gemiddeld ses embryo's per spoeling uit een koei gekry. Elke koei is ongeveer elke twee maande gespoel, wat ons ongeveer 36 embryo's per skenker per jaar gegee het.

“Ek het hulle as 't ware met embryo's toegegooi, en onthou, die man wat hierdie diere dan daar koop, betaal baie geld vir hulle, so hy gebruik ook embriotegnologie om soveel nageslag as moontlik uit sy belegging te maak.

“Die wonder van embriotegnologie is natuurlik dat ons al ons heel beste genetica kon uitvoer sonder om ons eie kudde te benadeel. Ons het steeds die heel beste dubbeldoelgenetika in die wêreld.”

Hoewel die uitvoere van embryo's nou



'n Illustrasie van waarvoor Toverberg staan: uitstaande, wêreldklas genetica

tot 'n einde gekom het, het oom Abraham steeds beeste in Kanada ingevolge die ooreenkoms wat hulle oorspronklik aangegaan het. Dit het ook duidelik geword dat sy eie genetica vir niks in die wêreld hoef terug te staan nie. 'n Bewys hiervan is die koei, Toverberg Erika. Haar embryo's is van die heel eerstes wat uitgevoer is, en van die negentien bulle wat Semex regoor die wêreld verkoop, is drie haar kalwers by verskillende bulle.”

Embryo's wat nie gevries kon word nie, is op Rietfonteinpoort in ontvangerdiere geplaas. Dieselfde beginsels ten opsigte van die ooreenkoms het ook hier in Suid-Afrika gegeld. Die kalwers is hier verkoop en die wins is gedeel.

Die Merinostoet

Oom Abraham kom oorspronklik van Venterstad af, maar met die bou van die Gariepdam is hulle familieplaas in 1962 onteien. Die familie is tradisioneel Merinoboere en oom Abraham bedryf 55 jaar al sy Merinostoet.

“Ek identifiseer die heel beste genetica in die land en inkorporeer dit dan in my eie kudde. Die ram wat tans die grootste invloed op my kudde het, is 'n ram genaamd Dawid.

“Ek het so ses jaar gelede besef ek kort meer kartel-definisie en meer olie in my kudde. Piet Venter, BKB se agent hier in Colesberg, wat natuurlik baie rondbeweeg, sê eendag vir my ons moet by Stephan Naudé van Hannover gaan kyk. Hulle is baie ou en gevestigde telers.

“Toe ons daar kom, staan daar tagtig ramme, maar een spesifieke ram spring toe dadelik in my oog. Ek het net sy kop gesien,

maar ek vra toe vir Stephan om hom vir my te vang. En dit is toe Dawid. Ek het 'n halwe aandeel in hom gekoop op die veiling. Hy is direk Ramsem toe waar sy semen getap is, wat ons vir redelik goedkoop verkoop het. Tot op hede het ek vir my aandeel reeds R80 000 uit sy semen verdien, 'n goeie illustrasie van sy gewildheid.”

Een van die grootste slagysters vir 'n stoeteler is dat jy voer koop eerder as genetiese potensiaal. Sogenaamde byvoeding vir beter prestasie het beslis nadele, vertel hy.

“Ek glo in diere wat aangepas is by hul omgewing. Ons boer in 'n ekstensiewe gebied waar skape op die veld moet kan oorleef en produseer. Daarom is dit by my 'n beginselsaak dat ek nie by voer nie. My lampersentasies, sonder die tweeling, lê altyd tussen 97 en 98%, ekstensief, sonder enige voer. Ek help wel my tweeling op groenvoer. David het vir my 'n skaap gegee wat homself onder ekstensiewe toestande kan handhaaf en ook die wolgehalte verbeter het.”

Sy ideale Merino?

“Hy is in die eerste plek aangepas, en is nie van die koöperasie afhanklik vir oorlewing nie. Tweedens streef ek na balans tussen vleis- en woleienskappe met 'n mikrongemiddeld van rondom 20. Met te fyn wol boet jy vleiseienskappe in. Ek dink dat ek in hierdie stadium van my lewe 'n redelike idee het van die eienskappe wat vir my op my plaas werk.”

Seleksiedruk, glo hy, is die heel belangrikste vereiste vir 'n natuurlik aangepaste skaap of bees, maar daar is een belangrike voorwaarde hiervoor: die boer se oog moet reg wees en hy moet nie te veel vee op sy veld dra nie. **VP**